SAKE (Rapport)
15 Jun 2014, p.2

# SAID sal nie sommer geld deur net laat glip

Ek wil vandag lesers waarsku teen oorywerige beleggings in uittree-annuïteite (UA's) net om boedelbelasting te probeer vermy.

Kollegas in die finansiëledienstebedryf het 'n skuiwergat in die inkomstebelastingwet opgemerk wat, letterlik toegepas, toelaat dat jy by die dood miljoene rande verby die belastingnet aan naasbestaandes kan oordra. Ek lees die wet anders, maar ek blyk in die minderheid te wees.

My kommer gaan egter verder. Ek is oortuig, en van my kollegas stem wel saam, dat die skuiwergat berus op 'n stuk wetgewing wat swak opgestel is en dat dit nie die bedoeling van die wetgewer was om mense kwyt te skeld van boedel- en inkomstebelasting nie.

Die probleem is dat ek intussen bevestiging gekry het dat Jan Taks minstens by een geleentheid die wet toegepas het soos dit tans lees. Wat natuurlik my hele argument verder omkrap.

By aftrede uit die UA kan jy as deel van die een-derde-kontantbedrag wat jy mag onttrek, en waarvan R500 000 tans belastingvry is, die geld waarop jy nie 'n belastingaftrekking kon kry terwyl jy gespaar het nie, ook belastingvry onttrek. Met die ander twee derdes moet jy 'n pensioen koop.

By die dood werk dinge effe anders. Dan sê die wet twee dinge: eerstens dat die naasbestaandes die volle bedrag in kontant kan onttrek (ek het verlede week hier gewaarsku teen die inkomstebelastinggevolge hiervan) en tweedens dat die belastingberekeninge by die dood gedoen word asof die oorledene kort voor sy dood uit die UA getree het.

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Dis waar die probleem inkom. Ek sê dan geld die reël oor die nie-toegelate aftrekking van premies net ten opsigte van die derde van die kontantbedrag soos by aftrede.

Kollegas, soos ek genoem het, verskil en as ons die bedoeling van die wetgewer soos ek dit verstaan buite rekening laat, moet ek saamstem. Omdat die volle kontantbedrag geneem mag word en omdat die belasting in die hande van die oorledene gehef word, kan 'n groot bedrag geld, daardie deel waarop die oorledene nie die belastingaftrekking kon kry toe hy gespaar het nie, vry van boedelbelasting en vry van inkomstebelasting aan 'n naasbestaande vererf.

Ek hoor reeds van groot bedrae geld, van R10 miljoen en meer, wat om dié rede in 'n UA belê word. Dit maak vir my eenvoudig nie sin nie. Hoekom sou die tesourie doelbewus toelaat dat miljoene rande só verby die belastingnet glip?

Wat my bring by die etiek van finansiële raad. Kan dit eties wees om aanbevelings aan 'n kliënt te doen op grond van 'n oogluikend tydelike skuiwergat? Nie volgens my definisie van etiek nie.

Sou die tesourie die wet regstel, soos ek verwag hy gaan doen, gaan mense wat die speletjie speel, nie eens hul geld kan terugkry om 'n ander plan mee te maak nie. Jy kan hoogstens een derde van die geld in 'n UA in kontant onttrek. En naasbestaandes sal tot 36% belasting betaal op die kontantbedrag wat hulle onttrek. Sodat jy 20% aan boedelbelasting kon spaar?

Dis te sê as hulle hoegenaamd toegang tot die geld gaan kry. Jy het nie die finale sê oor wie jou UA-geld kry ná jou dood nie. Die trustees besluit daaroor. Wees dus maar versigtig vir dié belastingspeletjie.

● *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae rig by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com. Twiet: @Nicovangijsen*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*